


2025

DIE KOORD

UNIVERSITEITSOORD



NOVEMBER & DESEMBER

NO. 713



ADVENT 2025

'n Paar jaar gelede skryf 'n gemeentelid vir my 'n aangrypende storie oor Kersbome, ek deel graag die kersboom storie met jou:

Eendag lank gelede was daar 'n groot woud vol Dennebome. Die Dennebome het groot, klein, lank en kort, vet en maer langs mekaar gestaan.

Die Dennebome se dennenaalde was donkergroen en hulle bas donkerbruin.

Daar was drie Dennebome wat saam groot geword het. Twee van die drie Dennebome het groot en sterk geword en die een boompie het klein gebly. Terwyl hulle so langs mekaar gegroei het, het hulle met mekaar gesels en saam gedroom van die wonderlike werk wat hulle eendag gaan doen. Hulle het al baie stories gehoor van wat hierdie bome alles kan word.

*Eendag kom daar 'n houtkapper en hy kap die **eerste Denneboom** af. Hierdie Denneboom was die grootste en sterkste van die drie. Sy sterk, swaar hout is uitgesleep na 'n skrynwerker. Hulle het van hierdie boom 'n vissersboot gemaak waarmee mense baie vis kon vang. Die **tweede boom** was die mooiste boom gewees, sy hout was blink en sterk en mooi. Hierdie boom se hout is na 'n troonmaker geneem, wat die hout verwerk het en die mooiste troon gemaak het waarvoor enige koning kon vra.*

*Die **laaste boompie** het gestaan en wag om ook afgekap te word en gebruik te word vir iets belangrik. Die houtkapper het weer daar verby gekom en die klein boompie gesien.*

Omdat sy hout nie so mooi of sterk was soos die eerste twee boompies nie, het die houtkapper hom afgekap en na sy huis geneem. Daar het hy sommer 'n voerbak gemaak van die boompie, hy was nie goed genoeg vir enige ander werk nie. Die boompie wat nou 'n voerbak geword het, het hartseer gevoel, want hy het nie so belangrik soos die ander bome gevoel nie en dat dit wat hy voor gebruik word sommer nutteloos was.

Eendag staan die voerbak so in die stal waar die diere slaap en eet, en daar kom mense aan. Die man maak die voerbak vol hooi en die vrou, wat saam met die man was, sit iets sag binne in die voerbak - 'n klein babatjie toegdraai in linne. Die boompie wat nou 'n voerbak geword het sien 'n klomp mense nader kom: herders uit die veld en wyse manne met geskenke. Later hoor hy mens en engel wat sing: "Eer aan God in die hoogste hemel."

*Skielik besef die boompie dat dit waarvoor sy hout gebruik word, die belangrikste en beste werk is. Nie net hou hy 'n babatjie vas nie, maar het hy die grootste geskenk ontvang – **die Een wie verlossing bring en koning van alle konings is.***

Vriende, mag jou Kersboom jou hierdie Advent-tyd aan die storie van die Denneboom herinner – 'n boom wat gedink het hy is nie belangrik nie, maar wat gebruik is vir dié belangrikste werk van alle werke, om 'n klein mensie vas te hou.

Kersbome herinner ons nie net aan geskenke nie, maar eerder aan die grootste Geskenk wat aan elkeen van ons gegee is: **Jesus Christus, ons Here.**

Ds Christian Oberholzer

PREEKBEURTE

30 November

Oggend & Aand:
Arno Meiring

7 Desember

Oggend & Aand:
Anuschka Smit

14 Desember

Oggend:
Ds Olga Ludwick

21 Desember

Oggend:
Anuschka Smit

25 Desember

Oggend: 08:00
Anuschka Smit

28 Desember

Aand & Aand:
Christian Oberholzer

31 Desember

Aand: 19:00
Christian Oberholzer

4 Januarie

Oggend & Aand:
Arno Meiring

KOM ONS KYK TERUG NA 2025

Ons kyk terug na 'n jaar vol van God se genade en guns. Hier is 'n paar hoogtepunte wat uitgestaan het:

Daar het weereens soveel in ons gemeente plaasgevind. Ds Christian Oberholzer het by ons aangesluit as studentepredikant en Alicia Bosman het haar gemeentejaar by ons voltooi. Ds Charlotte Sibanyoni-Mahlangu het 'n babatjie gehad en ook so paar keer vir ons kom kuier.

Ons het in die laaste maand ons senior studente gegroet wat in ander stede gaan begin werk, maar dan ook weer die nuwe matriekleerlinge verwelkom wat in die nuwe jaar by ons gaan aansluit.

Nataniël het vir ons kom kuier die jaar as deel van ons Kaskarfees, dit was somer baie vermaaklik.

Ons het 'n heerlike snoekbraai gehad - vir die eerste keer in baie jare - as deel van ons dankfees.

Dan was daar ook ons interessante preekreeks: eers ons sogenaamde SIMS-tema reeks waar ons oor die verskillende KAMERS of afdelings van ons lewe gesels het, en dan die tweede reeks met die tema SYSTEM UPDATE.

Ons sê dankie aan die Here vir nóg 'n jaar vol opwinding en seën.



ALLE
INLICHTING



EERSTEJAARSKAMP

NG UNIVERSITEITSOORD - PRETORIA

2026



DATUM

19-23 JANUARIE
2026

DIE KAMP
VAN
JOU LEWE

'n Voorsmakie van studentelewe
Geleentheid vir nuwe vriende
Hoe se pret
Bybelgeprekke
Aktiewe vrae
Geestelike groei



WWW.UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA



066 408 0909



@UNIOORD



UNIVERSITEITSOORD EERSTEJAARSKAMP

WAT GEBEUR BY UNIOORD?

STUDENTE
JONGWERKENDES
VAKANSIETYD

Desember
2025



DIENSTY

7 Desember - 09:30 & 19:00
14, 21, 28 Desember - 09:30
25 Desember - 08:00
31 Desember - 19:00

Universiteitsoord

SIEN JULIE IN JANUARIE!

Medius

WOENSDAE • 19:00 • HUB @UNIOORD

SELGROEP VIR
JONGWERKENDES

KONTAK TIAAN
082-559-6305



'N KERK WAAR STUDENTE KAN BEHOORT EN BEWEEG

Die afgelope maand het die Universiteitsoord twee wonderlike vieringsgeleenthede aangebied: Die eerste was die 2025 **Legitimasieplegtigheid** is aangebied namens die Kuratorium van Transvaal van die NG Kerk, waartydens preekvergunning aan studente, artikulasie van Diensleraars asook legitimasie van Proponent-diensleraars en Proponent-leraars verleen is.

Die tweede was die **jaarlikse Klaarkrydiens**, waartydens studente wat grade voltooi het, as geloofsgemeenskap gevier word en graduandi gegroet is en simbolies uitgestuur word na hulle volgende avontuur. Die diens was propvol jeugdige energie en opwinding. Die studente beskryf die atmosfeer as 'n bussin vibe! Die aand het afgeskop met Ds. Christian Oberholzer se aansteeklike energie wat elke afkondiging laat klink het soos iets onmisbaars! Daarna het wonderlike musiek gevolg wat die massiewe ruimte gevul met musiek wat jou hele menswees voed. Dit word gelei deur 'n studenteorkester en voorsangroep wat klassieke- en kontemporêre musiek op meesterlike wyse saamgesnoer het.

ELKE DING HET SY VASTE TYD

Ds. Anuschka Smit het Prediker 3 gebruik om God se seisoene en God se tyd te preek.

"Almal staan nou op 'n manier aan die einde van iets en is effens bekommerd oor die nuwe hoofstuk wat op ons wag. Die wêreld leef in 'n ritme wat God self in plek gesit het. Hy is ook in hierdie seisoen saam met jou. Prediker leer ons om nie bang wees vir tyd nie, want God is groter as tyd. En Hy't iets van daardie ewigheidstyd ook in jou hart geplant. So as jy in 'n tyd van wag is, vertrou Hom. As jy in 'n tyd van begin is, soek Hom. As jy in 'n tyd van klaarmaak is, dank Hom. En as jy in 'n tyd van soek of onsekerheid is, anker jouself in Hom."

Tydens die roetmerkerdiens is **Matrikulante verwelkom** as voornemende studente en daar is ook vir hulle volgende hoofstuk gebid. Hulle is ook hartlik uitgenooi na die **eerstejaarskamp** en al die heerlike gemeenteaktiwiteite wat op hulle wag.



WAT SÊ ONS STUDENTE??? KERK IS DIE ANTWOORD!

Ek kon met twee klaarkry studente gesels oor hulle belewenis van Universiteitsoord:

Kara Herbst het Aktuariële wetenskap studeer en 'n onderwys diploma voltooi. Sy was vier jaar deel van die gemeente as selgroepleier in haar koshuis, uitreikspanlid van die Bosvelduitreik, kampeier en talle gemeenteprojekte en fondsinsamelings. **Sy voel sy het baie meer ontvang by Unioord** (soos dit onder studente bekendstaan) en sy sal die gemeente baie sterk aanbeveel vir enige skoolverlater.

Wouter Du Toit het die vier jaar graad in Bedryfsingenieurswese voltooi en hy beskryf die kerk as **die perfekte oorgang tussen skool en die studentelewe**. *"Hier is altyd 'n lekker atmosfeer tussen die studente en die nommer een ding is: Jesus is sentraal in die kerk."*

Wouter was ook betrokke by die leierspan en betrokke by baie kampe en projekte van die gemeente. Op my vraag hoe 'n mens tyd kry vir soveel kerkverpligtinge terwyl jy besig is met so 'n uitdagende kursus, was sy antwoord sonder huiwering: **"Dis nie 'n juggle nie. Kerk is die secret!** Vanaand het ek nogal hier gestaan en dink hoeveel keer ek in die laaste paar jaar baie bekommerd was op 'n Sondag, want baie keer skryf jy weer daai Maandag toets. Ek het nou hier aan die einde van vier jaar **beseft dat dit al daai kere was, wat ek wel kerk toe gekom het wat my gedra het.** Elke week kom jy om meer oor Jesus te leer. Jy leer ook jouself ken en hoe om mense van Jesus te vertel. Dis vir my spesiaal en daarom ek dink ek Universiteitsoord doen fantastiese werk. **Ek het wonderlike vriende hier gemaak wat saam met jou die Here aanbid. Ek gaan die heerlike praise & worship mis!"**

Artikel deur: Annabelle Lombard
Annabelle is deel van die bedieningspan van Skuilkrans-Pretoria, Medewerker van Kerkbode
Fotos deur: Pieter Lombard

<https://kerkbode.christians.co.za/2025/11/27/n-kerk-waar-studente-kan-behoort-en-beweeg/>

BYBELSTUDIE AFSLUITING





PRET &
DRAF 2025

& BEWEEG



Ons het hierdie jaar die Kersverhaal op 'n nuwe manier vertel. Die belewenis het elkeen deur dié vyf ongelooflike ontmoetings geneem wat ons herinner het dat God naby is... vandag nog.

Die sang, stories, en selfs so bietjie jazz musiek het alles saam 'n ruimte geskep waar ons weer kon hoor hoe God se liefde na ons toe kom.




LENTEKONFERENSIE 2025



Die konferensie word gereël deur Excelsus, Excelsus is 'n sentrum vir bedieningsontwikkeling. Dit beteken hulle ontwikkel en organiseer leergeleenthede, kursusse en konferensies, wat gerig is op die ontwikkeling van die volgehoue bedieningsvaardighede van leiers in die NG Kerk. Die sentrum is deel van die Kuratorium van die Universiteit van Pretoria (UP) en een van die diensverskaffers van die NG Kerk se Taakspan vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO). Die Hervormde Kerk (NHK) was een van die vennote by die aanbieding van die Lentekonferensie, wat vanjaar vir die 20ste keer aangebied is en van 16-18 September sowat 160 afgevaardigdes baie besig gehou het in en rondom NG Universiteitsoord in Pretoria. Lees volledige in die Kerkbode.

Deur Annabelle Lombard



Fotos deur Le Roux Schoeman

Ons vier die koms van klein **Mfundo Vidar Mahlangu**, Charlotte en Sidney se seuntjie wat gebore is.

Charlotte het bietjie vir ons kom kuier uit Noorweë in die laaste maand en ons is opgewonde saam met hulle oor die nuwe seisoen in hul lewe.

(Fotos regs)

Die Kerkraad het vir Ds Charlotte Sibanyoni-Mahlangu as gekoppelde leraar beroep. Charlotte was as 'n tentmakerleraar aan ons gemeente gekoppel, maar die Kerkorde bepaal dat sy vanweë haar voltydse studie nie meer tentmakerleraar kan wees nie. Sy kan wel steeds aan ons gekoppel wees.

Charlotte was op 23 November amptelik as "gekoppelde leraar" bevestig.

Ds Arno Miering : "Charlotte is vroeër as tentmaker in die gemeente bevestig terwyl sy voltyds in diens van UP was. Nadat sy na Oslo is vir verdere studie, moes die aard van die koppeling verander word. Prakties beteken dit dieselfde; sy is leraar van Universiteitsoord, val onder die toesig van die plaaslike ring en vervul haar funksies online of in persoon as sy jaarliks hier is. Ons is trots om haar in die span te hê! "

(Fotos hier onder)



'N TERUGBLIK OP NG UNIVERSITEITSOORD SE ORRELKONSERTREEKS 2025

NG Kerk Universiteitsoord se Orrelkonsertreeks 2025 het 'n ryk tapisserie van styl, tradisie en vernuwing aangebied in vyf verskillende konserte. Hierdie reeks, wat van Augustus tot November plaasgevind het, het gehore betower met uitstaande orreliste, verrassende programkeuses en musiekmomente wat nog lank in vele mense se harte vasgevang sal wees.

Die reeks is op 'n hoogtepunt afgeskop deur die veelbekroonde orrelis, **Dr. Andrea Kayser-Mitas. Haar program, Toccatas – A Family Affair**, het die gehoor op 'n energieke en dikwels speelse reis geneem. Sy het die tradisionele wêreld van orrel-tokkates oopgebreek met kleurrike stylmengsels — van Latyns-Amerikaanse ritmes en jazz tot ensemble-spel met viool, saksofoon en perkussie. Hoogtepunte het ingesluit Piazzolla se Oblivion (met viool en saksofoon) en Karl Jenkins se Palladio (met perkussie, viool en saksofoon). Die Tokkates het haar briljante tegniese vaardigheid ten toon gestel, terwyl 'n samehorigheid in die ensemble-spel met haar talentvolle man en drie dogters, groot aanklank by die gehoor gevind het. Dit was 'n ware viering van familie en musiek.

In September het NG Universiteitsoord die voorreg gehad om **Dr. Hentus van Rooyen terug in Pretoria te verwelkom**. Van Rooyen, wat in die VSA werksaam is, het met groot gevoeligheid en virtuositeit 'n program aangebied wat gehore diep geraak het. Sy uitvoering het 'n kombinasie van kontemporêre Amerikaanse werke en Franse meesterstukke ingesluit. Van Rooyen se vermoë om die volle klankrykheid van die orrel tot lewe te bring het hierdie konsert 'n hoogtepunt van die seisoen gemaak.

Die bekroonde orrelis **Ciska Range** het later in September 'n besonder poëtiese en emosionele program aangebied. Ussen Hemel en Aarde het gehore geneem op 'n reis van kontraste — van vurige Russiese klanke tot die dromerige wêreld van Alexander Borodin en die dansende energie van George Bizet.

Range, wie se loopbaan haar van Suid-Afrika tot Nederland geneem het, het die gehoor diep geraak met haar artistieke integriteit en nuutgevonde interpretatiewe insigte.

Gedurende die reeks is die **album Complete Works Wim Viljoen deur die gemeente se eie orrelis, Dr. Isabelle van Rensburg, bekendgestel**. Die verrigtinge het begin met 'n openingsprogram wat die musikale erfenis van drie eeue uitgelig het — 'n lyn wat loop van Johann Sebastian Bach, deur die Duitse en Franse skool, tot by die komponis Wim Viljoen. Na die openingsuitvoering het Renée Marais die album en die komponis bekendgestel, waarna Van Rensburg 'n seleksie van Viljoen se werke uitgevoer het. Hierdie musiek — deurdrenk van geloof, vakmanskap en verbeelding — het 'n besondere eerbetoon gehuldig aan Viljoen se nalatenskap.


Die reeks is in November afgesluit met 'n glansryke **Kerskonsert, wat as die Grand Finale van die jaar gedien het**. 'n Uitsonderlike groep musici het hul talente saamgevoeg: **Dr. Isabelle van Rensburg (orrel), Dr. Andrea Kayser-Mitas (orrel), Zanta Hofmeyr (viool), Braam van Tonder (trompet), Jaco van Staden (Franse horing) en Chris Vale (bariton)**. Die konsert was 'n feestelike vermenging van bekende Kersmelodieë — in alle vorme en genres — en glorieryke orrel- en koperblaasklanke. Majestueuse orrelpassasies, maar ook sagte, kontemplatiewe oomblikke, was deel van die aand wat die gees van Kersfees op 'n besondere manier vasgevang het. 'n Konsertreeks om te onthou!

NG Universiteitsoord se Orrelkonsertreeks 2025 het 'n jaar van klank, kreatiwiteit en gemeenskap bewerkstellig. **Met uitstaande orreliste en musici, asook fantastiese programkeuses, het hierdie reeks die musieklandskap in Pretoria verryk en gehore herinner aan die unieke krag van die orrel as instrument.**



ORREL *Konsertreeks* 2025

NG UNIVERSITEITSOORD



- | | |
|-----------------------------|---|
| 24 Augustus 11:00 | Toccatas (a Family-affair)
<i>met Andrea Kayser-Mitas</i> |
| 21 September 11:00 | Kaleidoskoop
<i>met Hentus van Rooyen</i> |
| 28 September 11:00 | Tussen Hemel en Aarde
<i>met Ciska Range</i> |
| 9 November 11:00 | Albumvrystelling en Konsert
<i>met Isabelle van Rensburg</i> |
| 26 November 18:30 | Kerskonsert
<i>met verskeie plaaslike orreliste en soliste</i> |

UniOord

universiteitsoord.co.za/musiek-en-konserte

Foto 1: Dr. Andrea Kayser-Mitas met haar familie, Edwin, Emily, Emlynne en A'vigail.

Foto 2: Dr. Isabelle van Rensburg en Dr. Hentus van Rooyen

Foto 3: Dr. Isabelle van Rensburg en Ciska Range

Foto 4: Dr. Isabelle van Rensburg en Johan Deyssel

Foto 5: Dr. Isabelle van Rensburg, Dr. Andrea Kayser-Mitas, Zanta Hofmeyr, Braam van Tonder, Jaco van Staden en Chris Vale

Foto 6: NG Universiteitsoord Orrelkonsertreeks 2025



MEER INLIGTING



linktr.ee/universiteitsoord

KONTAK ONS

Kerkkantoor:

066 408 0909

kantoor@unio.co.za

Maretha Minnaar

Finansies & Admin

Maryna Enslin

Bemarking & Kommunikasie

Koster & Besprekings:

Juan Ferreira

084 588 4948

koster@unio.co.za

Predikante:

Arno Meiring

Tuisgemeente

082 807 4530

arno@unio.co.za

Anuschka Smit

Amicus - Dagstudente

072 599 0695

anuschka@unio.co.za

Christian Oberholzer

Meraki - Koshuisstudente

082 349 7317

christian@unio.co.za

Alicia Bosman

Gemeentejaarstudent

083 488 4641

DIENSTYE

Sondae 09:30 & 19:00

ADRES

Duxburyweg 105,
Hillcrest, Pretoria, 0083

PREEKBEURTE

[universiteitsoord.co.za
/dienste](https://universiteitsoord.co.za/dienste)

KALENDER

[universiteitsoord.co.za
/nuus](https://universiteitsoord.co.za/nuus)



www.universiteitsoord.co.za/preekopnames

DANKOFFERS

NG Gemeente Universiteitsoord

ABSA

Tjekrekening

Takkode 632005

540 580 006

SnapScan



www.universiteitsoord.co.za